# Opdatering van jou belastingbesonderhede

Die Liberty Groep (Liberty) het ‘n veldtog geloods om hul kliënte se besonderhede op te dateer en jy sal moontlik deur ‘n verteenwoordiger van Liberty opgesoek word om inligting te verkry, *indien jou besonderhede soek is.*

In die media word berig oor skelmstreke in hierdie verband. Hierdie is egter ‘n wettige veldtog wat voortspruit uit ‘n **regstreekse versoek van die Suid Afrikaanse Inkomste Diens (SAID),** om hulle te voorsien van spesifieke inligting vir sekere belastingsertifikate.

## Hoekom dit belangrik is

Dit is ‘n **regulerende vereiste** wat nie deur Liberty veronagsaam kan word nie.

Die versuim om die vereiste kliënte-inligting vir die SAID op te dateer, sal meebring dat Liberty nie belastingsertifikate aan kliënte kan uitreik nie. Dit kan weer belastingopgawes aan die SAID vertraag, waardeur kliënte vir hulle **finansiële boetes** op die hals kan haal. Ons wil jou graag help om enige vertragings of boetes van die SAID te vermy en sal dit dus baie waardeer indien jy ons sal help deur te verseker dat jou besonderhede op datum is.

## Wie word hierdeur geraak?

- Polishouers van **aftree-annuïteite** en **inkomste-voortsettingspolisse** wat bydrae-sertifikate van Liberty ontvang.
- Polishouers wat **rente ontvang** en wat IT3(b)’s van Liberty ontvang.
- **Pensioentrekkers** of enigiemand anders wat **annuïteitsbetalings** of **enkelbedrag-uitbetalings** ontvang en wat IRP5- en IT3(a)-belastingsertifikate van Liberty ontvang.

## Ons sal met jou in aanraking kom

Jou finansiële adviseur of ‘n agent van Liberty se kontaksentrum sal jou skakel om enige ontbrekende besonderhede aan te vra wat deur die SAID benodig word. Ons sal tussen nou en die einde van Junie 2010 per telefoon, e-pos of gewone pos met jou in verbinding tree.

Ons sal net met jou in aanraking kom as dit nodig is om jou besonderhede op te dateer.

Indien jy om enige rede bekommerd is oor die moontlikheid om per telefoon opgesoek te word, vra asseblief vir ‘n kontaknommer, wat met dié van die Belasting-Kontaksentrum se nommer hieronder moet ooreenstem.

## Laat weet ons as jy enige vrae het

Indien jy enige navrae het, skakel ons asseblief by die Belasting-Kontaksentrum:

E-pos: sarsinfo@liberty.co.za

Tel: 0860 776 323 (08h00 – 17h00)

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*